



# grendels slotte sleutels

27, 28 & 29 NOVEMBER 2020  
WELLINGTON

NP van Wyk Louw het in sy eerste reël van *Tristia*, XIVb geskryf: "slotreëls is altyd sleutels meer as slotte:"

Die jaar 2020 het elkeen nuut laat dink oor lewe en dood en skep en anders wees en om die sleutels te soek waarmee grendelslotte oopgesluit kan word op soek na hoe om die sin van ons hier wees beter te verstaan en in 'n nuwe bestaan te omskep.



tuin van digters

nb

UITGEWERS  
PUBLISHERS

# vrydag 27 november 2020

## **KLANKE VIR DIE BEGIN VAN DIE DAG**

**17:00 – 18:00 | Akkoordtent**

*Met: Deon Meiring*

Begin en eindig die dag met 'n intieme akoestiese kuiersessie saam met Deon Meiring van Glaskas-faam, sowel as enige ander koel mense! Word meegevoer deur hierdie bekroonde liedjieskrywer en sanger se talent en geniet sy eerlike, aweregse siening oor liefde en die wêreld om ons.

## **GRENDELS SLOTTE SLEUTELS: UITSTALLING OPEN**

**18:00 – 18:45 | Breytenbach Galery**

*Openingsboodskap deur Elza Miles, bekende kunsskrywer en kunshistorikus, voorgelees deur Daniel Hugo*

Saam met die feeskunstenaar, Estelle Marais, word die “einders” en sleutels tot ons slotte in haar landskapskilderye van die wye Groot Karoo gevind.

Ander kunstenaars is Sandra Hanekom, wat die soek na die sleutels tydens die grendeltyd uitbeeld, waar sy en haar gesin agter slot en grendel was in Frankryk; Joubert Stander, wat fokus op die werke van die feesdigter, Daniel Hugo; en Jacques Dhont wat fokus op die herbegin, die vernuwing, die natuur, dit waaruit ons inspirasie moet vind deur die kyk. Sy botanies geïnspireerde beelde kan buite in die digterstuin gesien word.

## **DANIEL HUGO: FEESDIGTER GEHULDIG**

**19:00 – 20:15 | Akkoordtent**

*Met: Bernard Odendaal, Yves T'Sjoen, Nicol Stassen en Daniel Hugo met voorlesings deur Chris van Niekerk*

Daniel Hugo het in Februarie sy 65ste verjaardag gevier en is reeds 41 jaar betrokke by die letterkunde as digter, skrywer en vertaler. Hy is die digter wat vanjaar by Tuin van Digtters gehuldig word.

## **HEMELBESEM**

**20:30 – 21:30 | Akkoordtent**

*Met: Simon Witbooi*

Hemelbesem praat en sing oor die pad wat ons geloop het en nog moet loop. Almal nie dieselfde pad nie, maar ook nie ver van mekaar nie. Daniel Hugo se pad, digters se pad, Afrikaans se pad.

## **GROET DIE DAG MET DEON**

**21:00 – 22:00 | Akkoordtent**

*Met: Deon Meiring*

Groet die dag saam met die talentvolle Deon Meiring van Glaskas-faam.

# saterdag 28 november 2020

## DIE SLEUTEL IS IN DIE MOMENT VAN NOU

08:00 tot laat | Digterstuin

Ontgrendel. Soek die sin. Die sleutel vir jou slot. In woorde. In die natuur. In die kuns. In musiek. In wyn. In saamwees. In saamklink. In saampraat. In jou kop. In 'n anderkop. In diepdink. In saamdink. In digdink. In hiërwees. In die moment van nou.

## PRET IN POËSIE – 'N SLEUTEL VIR DIE SLOT NA GENOT

09:00 – 09:45 | Die Bôrdienghuis Teater

*Met: Alma Nel, Jaomi Zeeman, Janette van Rensburg en leerders van die Alma Nel Dramaskool en Hugenote Laerskool*

Die publikasie *Eisteddfod Pret 2* is 'n versameling van 108 oorspronklike gedigte, 24 monoloë en 20 samesprake wat volg op die baie suksesvolle eerste titel in die reeks. Met 'n verskeidenheid gedigte vir verskillende ouderdomsgroepe, sowel as riglyne vir ouers, onderwysers en afrigters, is hierdie bundel die sleutel tot kreatiewe sukses. Kom kyk en luister hoe verse vir laerskoolkinders interaktief 'n wonderwêreld kan ontsluit.

## DIE SINGENDE WÊRELD

10:00 – 10:45 | Woordtent

Aangebied deur Naledi

*Met: Johann Nel en Daniel Hugo oor die lekker en die lanksit van vertaling*

Johann Nel vra vir Daniel Hugo uit oor sy vertaling van die Vlaamse digter Marc Tritsmans se jongste bundel, *Het zingen van de wereld* (2017). Tritsmans gee stem aan die aarde met al sy bedreigde spesies deur melancholies-liriese gedigte, waarvan die vaste versvorm as teenvoeter moet dien vir 'n wêreld wat besig is om ekologies ineen te stort.

## STIPSTAAR - 'N HAIKOEUNDEL DEUR GERARD SCHOLTZ

11:00 – 11:45 | Akkoordtent

Aangebied met die ondersteuning van die HGG-finansiële groep

*Met: Gerard Scholtz, Kobus Geldenhuys en Frazer en Deniel Barry*

Gerard Scholtz, skrywer, boekeredakteur van *Dekat*, televisie-aanbieder en wêreldreisiger, stel *Stipstaar*, 'n stylvolle haikoeunDEL, bekend.

Die 122 haikoes in die tradisionele Japannese vorm reis deur 'n zen-landskap vanaf die ontstaan van alle dinge en strek van 'n teer verwondering oor die natuur en liefde, die mens se plek in die kosmos, aftakeling en verwoesting van emosies en landskap, tot 'n verlange om alles weer nuut en die mens en natuur weer een te maak soos oorspronklik. Kobus Geldenhuys, bekroonde vertaler wat die bundel vir die verhoog verwerk het, lei die bespreking. Frazer en Deniel Barry sorg vir gestroopte musiek op Khoi-instrumente.

## AMPIE COETZEE EN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDESTUDIE

12:00 – 12:45 | Woordtent

*Met: Louise Viljoen, Gerrit Olivier, Steward van Wyk en Jolyn Phillips en die nuwe geslag letterkundiges*

Ampie Coetzee, wat op 15 Oktober oorlede is, se werk as letterkundige en dosent by die universiteite van die Witwatersrand en Wes-Kaapland het 'n belangrike impak op die Afrikaanse letterkunde-studie gehad. Louise Viljoen gesels met proff. Gerrit Olivier en Steward van Wyk, oud-kollegas, asook met die digter Jolyn Phillips oor hulle visie vir die toekoms van die Afrikaanse letterkunde-studie.

# saterdag 28 november 2020

## SMELTKROES

13:00 – 14:00 | Akkoordtent

'n Aangepaste uittreksel uit Smeltkroes, 'n NATi-ondersteunde produksie wat in 2021 sy debuut maak

*Met onder andere Luna Paige, Ramon Alexander, Frazer Barry*

**By Tuin van Digters moontlik gemaak deur PEN Afrikaans en PEN International**

Afrikaanssprekendes van die Kaap vind hul wortels wyd en syd. Hier is nou 'n Smeltkroes van tekste (lief en leed) met die oorsprong uit Afrika, Europa en die Verre-Ooste. Het die dice vir jou sus of so geval? Smeltkroes speel met lied en woord en wys ons dat ons deur veel meer as taal aan mekaar verbind is. "Afrikaans sing in 'n duisend stemme"... en dit is goed so.

## PANEELBESPREKING OOR VERTALING: DANIEL HUGO

14:30 – 15:15 | Akkoordtent

*Met: Nicol Stassen, Daniel Hugo en Kobus Geldenhuys*

Nicol Stassen, besturende direkteur van Protea Boekhuis, gesels met die digter en vertaler Daniel Hugo en Kobus Geldenhuys, bekroonde kopieskrywer en vertaler van kinder- en jeugliteratuur in Afrikaans.

## NUWE BUNDELS SLUIT SLOTTE OOP

15:30 – 16:15 | Woordtent

*Met: Alfred Schaffer, Lynthia Julius, Ryan Pedro en Jolyn Phillips*

**Aangebied deur NB Uitgewers**

Alfred Schaffer gesels met twee nuwelingdigters wat vanjaar gedebuteer het, Lynthia Julius (*uit die kroes*) en Ryan Pedro (*pienk ceramic-hondjies*), asook met Jolyn Phillips, wie se tweede bundel (*bientang*) vanjaar verskyn het.

## ONS KLYNTJI 2020 – AMPTELIKE BEKENDSTELLING

16:30 – 17:15 | Akkoordtent

*Met: Toast Coetzer en Erns Grundlingh (aanbieders)*

Ons Klyntji is 'n alternatiewe, veeltalige zine wat gedigte, kortverhale, fotografie en comics publiseer. Van die digters en skrywers lees hulle gedigte en verhale voor.

# saterdag 28 november 2020

## **INGRID JONKER-PRYS: GRENDEL, SLOT OF SLEUTEL**

**17:30 – 18:15 | Woordtent**

*Met: Ronel de Goede, Daniel Hugo, Danie Marais en Louis Esterhuizen*

By die ikoniese digter Ingrid Jonker se “tweede begrafnis” in 1965 het Jan Rabie die instel van die Ingrid Jonker-prys aangekondig. Die prys is dus vanjaar 55 jaar oud – ’n merkwaardige prestasie vir ’n onafhanklike prys wat jaarliks beurtelings aan ’n Afrikaanse of ’n Engelse debuutdigbundel toegeken word. Om hierdie herdenking te vier, deel drie voormalige voorsitters van die IJ-komitee hul herinneringe met Ronel de Goede: Daniel Hugo, Louis Esterhuizen en Danie Marais. Is die Ingrid Jonker-prys ’n belemmering of ’n aanmoediging vir debuutdigters? Sluit dit deure oop of toe? Wie is in besit van die sleutels?

## **INGRID JONKER PRYS: 2020-WENNER**

**18:30 – 19:15 | Akkoord**

*Met: Finuala Dowling en Saaleha Idrees Bamjee*

Met haar bundel *Zikr* verower die digter Saaleha Idrees Bamjee vanjaar die Ingrid Jonker-prys vir Engelse poësie. Volgens ’n beoordelaarsverslag dig Bamjee op aangrypende wyse oor verlange en verlies. Die vroulike liggaam – haar eie en dié van ander – word beskryf, terwyl sy die problematiek van Moslem-wees verken, met ’n viering en verering van haar geloof en die Arabiese taal. ’n Voormalige wenner en komiteelid, die skrywer Finuala Dowling, voer ’n gesprek met Bamjee. Die bekroonde sal ook van haar verse voorlees.

## **DROL INNIE DRINKWATER**

**19:30 – 20:15 | Woordtent**

*Met: Churchil Naudé en Andries Bezuidenhout*

Die digter, rockmusikant, skilder en akademikus Andries Bezuidenhout gesels met Churchil Naudé oor sy nuwe digbundel, *Drol inni drinkwater*, uitgegee deur Naledi. Churchil het met sy albums *Kroeskop vol geraas* en *Kroesifaaid* hom in die voorste linie van Suid-Afrikaanse rap gevestig en nuwe, opwindende dimensies van Afrikaans ontgin.

Die musikant en skrywer Theunis Engelbrecht skryf oor Churchil: “Partykeer is sy woorde soos die kartetse van masjiengewere, ander kere is dit weer balsem vir die siel teen ’n wêreld wat van sy trollie af geraak het.”

## **‘TRIBAL ECHO TRIO’ - DANIEL HUGO ONDER DIE VERGROOTGLAS**

**20:30 – 21:30 | Akkoordtent**

*Met: Frazer Barry, Deniel Barry en Earl Witbooi (Tribal Echo Trio)*

Tribal Echo Trio vertolk verskeie van Daniel Hugo se gedigte met nuwe toonsettings wat deur Frazer Barry geskep is. Die produksie plaas Hugo se wêreld van woorde onder die vergrootglas deur middel van musiek. Frazer deel ook sy ervaring van die impak van die woorde en hoe dit die musiek beïnvloed het.

## **MAAK LOS DIE GRENDELS**

**21:45 – 23:00 | Akkoordtent**

*Met: Riku en Jackie Lätti en musikante en digters*

’n Groep digters en musikante van die nag en onbekendes en bekendes maak die grendels los en laat die hare hang.

# sondag 29 november 2020

## ONTSLUIT DIE SINNE EN STREK

09:00 – 10:30 | Woordtent

*Met: Diana Ferrus en Lizet Mulder*

Die bekende woordwonderwerker, Diana Ferrus, en die groenvinger-jogi, Lizet Mulder, span saam om deur woorde, digwerk en begeleide strekposisies in te leun en uit te loer wat ontsluit het met onse lywe en denke die jaar.

Ferrus is 'n pryswennende skrywer, storieverteller en stigterslid van die Afrikaanse Skrywersvereniging. Sy is veral bekend om haar 1998-gedig oor Saartjie Baartman wat eindelijk daartoe gelei het dat Baartman se liggaam van Frankryk na Suid-Afrika gerepatrieer is.

Mulder is 'n plaaslike Bolandse joga-afrigter met 'n agtergrond in landskapsargitektuur. Sy bring haar liefde vir mense, stories en die omgewing byeen deur jogaklasse in die buitelug aan te bied waar deelnemers hul gemoed tot ruste kan bring.

Deelnemers kan hul gemaklike self, skryfboekie, asook jogamatte saambring. Ekstra matie is beperk.

## DIE MOEDERTONG-PROJEK IN COVID-TYD

10:30 – 11:15 | Akkoordtent

*Met: Albernita Francis, Bridgette Miller, Chestlin Draghoender, Dixon Daniels, Jadrick Perdro-Koopman, Kenneth Williams, Loraine Staander, Duane Miller, Dylan Damonds, Glinecia September, Leverne Davey en Gaireyah Fredericks, hul mentor.*

Covid-19 het die nood om kreatief te wees in 'n platform vir opkomende skrywers ontwikkel. Die Moedertong-projek sluit 14 Wes-Kaapse skrywers in. Hulle word gelei na 'n proses van inkering en om hulself te leer ken as mens en kreatiewe siele, hoe om hul omgewing te absorbeer, prikkels daaruit neer te pen, en plaaslike platforms te soek om as 'performance poets' suksesvol te kan wees.

## MENGELMOESDIGTERS

11:30 – 12:30 | Woordtent

*Met: Diana Ferrus, Gaireyah Fredericks en lede van die Mengelmoesdigters*

Die Mengelmoesdigters, wat in 2012 by die Breytenbach Sentrum onder leiding van Diana Ferrus ontstaan het, gesels oor die projek en lees van hulle gedigte.

## PRAAT EN SING IS ALMERO SE SLEUTEL

13:00 – 13:45 | Akkoordtent

*Met: Almero Welgemoed*

“My musiek kom vanuit 'n diep, donker kelder in my bors. Daar waar niemand ooit kom nie. En al hoe ek gesond en skoon kan bly, is om van daardie dinge te praat en daarvoor te sing.” Almero het onder andere bekendheid verwerf deur sy samewerking met sanger en Liefde Wen-voorman Bouwer Bosch, sowel as Spoegwolf se Danie du Toit. Almero, soos Bouwer en Danie, kom van 'n plek waarmee baie Afrikanerjeug aanklank vind.

## OOPMOND

14:00 – 16:00 | Akkoord

*Met: Digtters, musikante, 'n kunstenaar en die gehoor*

'n Warm-onder-die-kraag-toordery met gedigte, skilderye en musiek. Twee spanne digtters ding mee: Hulle kry 'n tema uit die gehoor en moet binne tien minute 'n gedig skryf, wat deur 'n musikant getoonset word. 'n Maltrapskeidsregter handhaaf orde. Om alles te kroon, is 'n beeldende kunstenaar ook betrokke om die woord of begrip te teken.

## daniel hugo: tuin van digters 2020 se feesdigter

Daniel Hugo, wat in Prins Albert in die Karoo woon en 'n doktorsgraad met die titel *Die digter en sy middele: 'n Ondersoek na die vernufpoësie in Afrikaans* in 1989 verwerf het, het 20 digbundels op sy kerfstok. Die eerste een, *Saad uit die septer*, het in 1989 by PJ de Villiers verskyn en die mees onlangse een, *Openbare domein*, in 2018 by Naledi.

Hugo is ook die samesteller van 12 bloemlesings terwyl hy reeds 59 publikasies uit Nederlands in Afrikaans en 15 uit Engels in Afrikaans vertaal het.

Talle akademiese publikasies oor die Afrikaanse letterkunde het ook uit sy pen verskyn. Dit sluit resensies in tydskrifte en koerante oor nuwe Afrikaanse boeke in, inleidings by verskeie bloemlesings uit die Afrikaanse letterkunde, *Blokboek: Sy kom met die sekelmaan* (Hettie Smit), *Blokboek: Na die geliefde land* (Karel Schoeman), die D.F. Malherbe-gedenklesing met die onderwerp: Die geheime werking van literêre invloed:

D.J. Opperman en D.F. Malherbe, *Halala Afrikaans* by Protea Boekhuis, 2009 en die N.P. van Wyk Louw-gedenklesing met die onderwerp: N.P. van Wyk Louw en die geestige vers in "Tristia".

Hugo het reeds verskeie toekennings vir joernalistieke en vertaalwerk ontvang, insluitende die S.A. Akademieprys vir die vertaling van Stefan Hertmans se roman *Oorlog en terpentyn* in 2017, die Van Ewijckstiging se prestasiebeurs vir die bevordering van kulturele betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika in 2016, die S.A. Akademieprys vir die vertaling van Tom Lanoye se roman *Sprakeloos* in 2015, Via Afrika se Boekjoernalis van die Jaar in 2004, die S.A. Akademieprys vir hoorbeelde vir die dokumentêre program oor die digter Uys Krige in 1898, 'n Radio Artes-toekenning vir So is die lewe vir een pond sewe – 'n hoorbeeld oor R.K. Belcher in 1993, en 10 ATKV-radiopryse.

Kom kyk (en koop) Daniel Hugo se bundels en boeke in The Book Traders-boekwinkel in die Breytenbach Sentrum en by die Boekkiosk.

### **NB UITGEWERS: DIGBUNDELS EN PUBLIKASIES**

'n Uitstalling van 'n aantal digbundels en ander publikasies wat in Kaaps-Afrikaans verskyn het. Die uitstalling is te sien in die Cloete-gemeenskapsgalery op die grondvloer van die Breytenbach Sentrum.

### **KINDERBOEK-UITSTALLING**

Kom koop 'n kinderboek of twee of drie by The Book Traders-boekwinkel se spesiale kinderboekstalletjie.

### **PEN AFRIKAANS SE LEDE GRATIS**

Lede van PEN Afrikaans, 'n skrywers-organisasie wat hom onder meer beywer vir die bevordering van Afrikaanse woordkuns en die letterkunde, sowel as vir uitdrukkingsvryheid en taalregte, wie se ledegeld opbetaal is, kan die Tuin van Digters gratis bywoon. Vir vereistes vir lidmaatskap van PEN Afrikaans, besoek [www.litnet.co.za/pen-afrikaans-aansoekvorm/](http://www.litnet.co.za/pen-afrikaans-aansoekvorm/). PEN Afrikaans is deur sy lidmaatskap van PEN International die verteenwoordiger van sy lede en die Afrikaanse skrywersgemeenskap in 'n internasionale verband.

# grendels slotte sleutels – 'n groepuitstalling

Die groepuitstalling word op **Vrydag 27 November om 18:00** in die **Breytenbach Galery** op die eerste vloer van die Sentrumgebou geopen met 'n openingsboodskap deur die kunsskrywer en kunshistorikus, **Elza Miles**, voorgelees deur **Daniel Hugo**.

Die **feeskunstenaar** is **Estelle Marais** met haar landskapskilderye van die wye Groot Karoo, met die ander kunstenaars **Sandra Hanekom**, **Joubert Stander** en **Jacques Dhont**.

**“slotreëls is altyd sleutels meer as slotte.”**  
- **N.P. van Wyk Louw**

**grendel**, -s Skuifbout van yster vir 'n deur of venster, -sluiting; toestel

**slot**, -te 1. Toestel om met 'n sleutel iets te sluit (deur, kas, kis, ens.) of aan te sluit (motor). 2. 1. iets wat aan die end kom. 2. Wat 'n handeling, gebeurtenis of geheel sluit, afsluit of afrond.

**sleu'tel**, -s 1. Instrument om 'n slot mee oop te maak of te sluit. 2. Instrument waarmee mens toegang kry tot iets wat toegang verhinder. 3. Middel om iets te ontsyfer of te verklaar.

Jakes Gerwel het die D.F. Malherbe lesing met die titel **“Eindes, eindigheid, einders”** by die Universiteit van die Vrystaat op 26 Mei 2004, afgesluit met: **“... 'n opening op verdere einders”**.

**einde**, -s, end; slot, afloop; verste gedeelte; dood; uitslag; ten – raad wees, nie meer weet wat om te doen nie (*Verklarende Afrikaanse Woordeboek*).

**einder**: Zelfstandig naamwoord

de denkbeeldige scheidingslijn waar het aardoppervlak en de lucht elkaar lijken te raken ([nl.wiktionary.org](http://nl.wiktionary.org))

## liefdegroete, ek

*Met: Regisseur en samesteller Alma Nel, assistentregisseur Janette van Rensburg en akteurs: Amke Grootboom, Fraco Muller, Meagan Fortuin, Shar-Nell Swarts & Carin-Lee Swarts*

**Hierdie blits-toneelstuk van 25 minute word op verskillende tye op die verhoog van Die Bôrdienghuis Teater (en dalk elders) aangebied.**

Die grys areas van die lewe se mense, situasies en besluite word ondersoek. Hierdie groep het vir hul blits-toneelstuk van 2019 tydens hul nasionale drama-eksamen 100% ontvang. Hul uitnodiging vir vanjaar lui as volg:

*Liewe gehoorlid,*

*Uiteindelik het ek 'n afspraak met jou. Verbeel jouself jy loer oor jou bure se muur. Hulle gesprek lui as volg: (met apologie aan Almero Welgemoed wie se “Donderweer gedagtes” die essensie van menswees vasvat).*

*“Ek drink om van my probleme te vergeet.”*

*“En as die drank oprak?”*

*“Dan gaan ek dans en draai tot ek dronk word.”*

*Om te menswees is moeilik. Dit moet nie gestroop of uitgevlees word nie. Dit moet net wees. Dis waarna jy nou gaan kyk.*

*Jy mag huil. Jy mag vloek. Jy mag lag. Jy mag oordeel. Jy hoef ook te niks.*

*LiefdeGroete,*

*ek*



## WAT JY MOET WEET

### Daar is twee ingange na die Tuin van Digters:

In Burgerstraat langs die hoofgebou by die hek na die tuin en by die parkeerterrein regs agter die sentrum deur die groot hek.

Alle programitems, behalwe as dit anders aangedui word, sal in die **Woordtent** en die **Akkoordtent** agter die hoofgebou aangebied word.

Digters se bundels sowel as ander bundels en boeke sal by **Protea Boekwinkel (Stellenbosch) se stalletjie in die Akkoordtent** te koop wees.

Besoek ook **The Book Traders**, die tweedehandse boekwinkel op die grondvloer van die hoofgebou.

Verversings sal in en buite **Die Bôrdienghuis Teater** te koop wees.

Heerlike drankies en halaal eetgoed is beskikbaar by **Azir en Fahema Zlomke** se **koffie@breytenbach** in die Breytenbach Sentrum.

Soek jy 'n kunstige geskenk? Besoek die **Kardoes-winkel langs die Breytenbach-gallery** vir kunsgeskenke.

## SÓ HELP ONS

**Francois Lötter**  
Hooforganiseerder  
083 408 1902

**Jessica Ruiters**  
Administrasie, noodhulp, Covid-regulasies  
063 525 9636  
info@breytenbachsentrum.co.za

**Jeanne-Mari Gerber**  
Kaartjies en besprekings  
073 435 1022  
besprekings@breytenbachsentrum.co.za

**Anne-Ghrett Erasmus**  
Breytenbach Galery en verblyf  
083 415 0002  
galery@breytenbachsentrum.co.za

**Esther Kotzé**  
The Book Traders boekwinkel  
072 997 4813 thebooktraders@gmail.com

**Alma Nel en Banna Spammer**  
Die Bôrdienghuis Teater  
082 9649352

**Hugo Gerber**  
Verhoogbestuurder, logistiek, deelnemers  
071 459 5059

**Danie Marais**  
Programleier

## WELLINGTON TOERISME

Skakel met die Wellington Toerisme-kantoor by info@wellington.co.za vir hulp met verblyf en ander inligting in Wellington.

## BESPREKINGS EN NAVRAE

Jeanne-Mari Gerber 021 873 2786 / 073 435 1022 / [besprekings@breytenbachsentrum.co.za](mailto:besprekings@breytenbachsentrum.co.za)

## KAARTJIEPRYSE

**Toegang vir Vrydag 27 November:**

**R150 per persoon** (sluit alle aanbiedings op die program in vir 27 November)

**Toegang vir Saterdag 28 November:**

**R250 per persoon** (sluit alle aanbiedings op die program in vir 28 November)

**Toegang vir Sondag 29 November:**

**R120 per persoon**

**Tweedagpakket vir Vrydag 27 November en Saterdag 28 November:**

**R320 per persoon** (sluit alle aanbiedings in op 27 en 28 November)

**Studente-afslag:**

**R60 per persoon per dag** (met geldige studentekaart)

**Opbetaalde lede van PEN Afrikaans:**

**Gratis toegang**

## **BORGE**

Dagbreek Trust, NB Uitgewers, Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport, NLDTF (Nasionale Lotery), Drakenstein Munisipaliteit, Jannie Mouton Stigting, Prosperity Management Africa, Wellington Wynroete, Annandale Wines.

## **VENNOTE**

NB Uitgewers, Naledi, Protea Boekwinkel (Stellenbosch), Ons Klyntji Internasionaal, PEN Afrikaans, Toyota US Woordfees, Wellington Toerisme, Die Bôrdienghuis Teater, The Book Traders, Breytenbach Galery.

## **VERBLYFBORGE**

Dankie aan Cummings Gastehuis en The Little Farm on a Stream. Kontak Cummings Gastehuis by 021 873 3474 / stuur 'n e-pos na [mattievisser@wellington.accommodation.com](mailto:mattievisser@wellington.accommodation.com) en ook The Little Farm on a Stream by 082 573 1046.

## **TUIN VAN DIGTERS 2020 PROGRAM ONDERHEWIG AAN VERANDERING**

Volg Breytenbach Sentrum op Facebook en op Instagram en hou ons webwerf, [www.breytenbachsentrum.co.za](http://www.breytenbachsentrum.co.za), dop vir die nuutste inligting oor die Tuin van Digtters 2020.

## **COVID-19 EN TUIN VAN DIGTERS 2020**

Die Tuin van Digtters 2020 se organiseerders het verseker dat aan alle Covid-19-vereistes voldoen sal word met inagneming van veiligheidsmaatreëls wat op 27, 28 en 29 November mag geld. Die nodige regulasies soos meting van temperatuur, neem van besonderhede van besoekers, dra van maskers en sosiale afstand sal streng nagekom word. Sekere programitems sal virtueel aangebied word en aanlyn gevolg kan word, of opgeneem word en later aanlyn beskikbaar wees. Meer besonderhede daarvoor sal op die Breytenbach Sentrum se Facebookblad en webblad aangekondig word.



*2016*